16 Oktober 2020
NG Gemeente Stellastraat
BLITSNUUS

"Money also makes Stellastraat go around!" - *Anton Pienaar*

'Money makes the world go round'. Dié bekende uitdrukking kom uit 'n musiekblyspel van die 1960's met die titel *Cabaret*. In die blyspel antwoord die manlike hoofspeler, die vroulike hoofspeler se versugting vir liefde met die sin: *'Money makes the world go round'.* Wat ook al die konteks was, maak nie saak nie, die uitdrukking bly waar. En dit is ook van die kerk waar. Sonder geld kan 'n kerk nie bestaan of iets vermag nie.

Waar kry 'n kerk geld vandaan? Van sy lidmate af. Lidmate wat vrywillig gereeld finansiële bydraes maak. In kerklike taal noem ons dit *dankoffers*, of wanneer ons bydraes Sondae in kollektebordjie plaas, noem ons dit *offergawes*.

Nie baie lank gelede nie was dit nog algemene gebruik dat die gemeente se diakens elke maand dankoffers by die lidmate aan huis gaan haal het. Die wêreld het so verander dat gemeentes nou daarop staatmaak dat lidmate self hulle bydraes by die kerk sal kom besorg. Die wêreld van elektroniese oorbetalings (eft's), snapscans, en kaartmasjiene het ontspring.

En dit is veral die staatmaak wat Stellastraat se bestaan waarborg. Dit is nie almal wat lidmate is wat 'n dankoffer-bydrae maak of kan maak nie. Dit is 'n riem onder die hart om te weet dat daar 'n hele aantal lidmate is wat glo dat die bestaan van die gemeente waarde toevoeg tot hulle lewens, én ook van waarde is vir die groter samelewing. Om daardie rede bestaan ons steeds en hoop ons dat geslagte na ons in Stellastraat waarde vir hulle lewe sal vind! In hierdie tyd sê ons dankie vir elke dankoffer en offergawe en gebruik ons ook die vreemde uitdrukking: *'Money also makes Stellastraat go around!'*

'n Spesiale Sondag, 18 Oktober

Dié datum, 18 Oktober, is uit pas, net soos die jaar 2020 die pas en pad byster geraak het. Twee weke te vroeg vir die ou kalender, maar Sondag is dit ons jaarlikse dankfeessondag. Soos in die verlede gebruik ons die sakrament van die nagmaal, herdenk ons die reformasie van 500 jaar gelede, en bring ons ons spesiale dankfeesbydraes na die erediens.

Nog te meer, want ook tydens Sondag se erediens word die 2020/2021 kerkraad van Stellastraat ook in hulle "ampte" van ouderlinge en diakens bevestig.

Eerskomende Sondag word nog meer spesiaal omdat daar in die 18:00 erediens 'n spesiale fokus op ons matrikulante is. Hulle wat onder bitter vreemde omstandighede hulle skoolloopbane vanjaar moes voltooi.

Matrieks begin met eind-eksamen

Maandag 19 Oktober begin die matrieks al met hulle eind-eksamen. As gemeente wil ons hulle baie sterkte en seën toewens. Mag hulle die ABC van eksamenskryf regkry – *"Apply Bottom to Chair"*. Ons besef ook dat dit vir hulle 'n baie moeilike jaar was. Waarskynlik is een van die moeilikste dinge om te verwerk dat hulle nie 'n Matriekafskeidfunksie gaan beleef nie. En volgende jaar lyk dit of hulle eers Maart-maand universiteit toe kan gaan. Vir hierdie "oorstaptyd" wil Stellastraat graag vir hulle 'n roetemerker gee om die proses van klaarmaak met skool en die aanbreek van 'n nuwe fase na skool as 'n sinvolle drumpel te beleef. Daarom is dit ons gebruik om vir al die matrieks in ons gemeente 'n kombersie met die Stellastraatlogo op, te gee (dankie Elna en Andries Pretorius). Ons vra dan die ouers om hierdie kombersies om die jongmense se skouers te hang. Die kombersies wil die jongmense daaraan herinner dat Stellastraat se mense soos 'n kombersie om hulle is en dat hulle as jongmense ook vir ander 'n kombersie kan wees. Hierdie **Sondag 18 Oktober** tydens die aanddiens (18:00) gaan ons vir die ouers en die jongmense geleentheid gee om hierdie roetemerker te beleef.

Sondag 18 Oktober se geleenthede

Die **08:30 erediens** word deur James gelei uit Prediker 2:1-11. Die tema van die diens is *'Ek mis God'*. Die **10:00 erediens** word deur Anton gelei en die tema is *'Wanneer jy terug-kyk'*. Die Bybelgedeelte wat gelees gaan word is Gen 45:1-10. Die **aanddiens 18:00** is ons jaarlikse Matriekdiens en ons gaan ook nagmaal vier. Tienie lei die diens met die tema *'Saam aan tafel'* waar ons gaan nadink oor die waarde van saam-eet (Lukas 7:36-50). Hierdie week se **Tuis-Adoramus** is deur Anton voorberei met die tema *'God is naby ons'* en teks uit Eksodus 33:12-23. Jy kan hierdie skakel volg:-
http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-18-Oktober.pdf

Huisgeloofvrae en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
Gesels as gesin oor:
"Die vroeë kerk het elke Sondag nagmaal gebruik. Hierdie Sondag is maar ons 2de nagmaal vir die jaar. Wat beteken die nagmaal vir julle as gesin – ook in die Covid tyd?"

Jeuggroepe
Ons is baie bly dat die jongmense so opgewonde is om weer in die jeuggroepe by die kerk bymekaar te kom. Soos in die verlede gaan ons weer die temas van die 10:00 diens en die aanddiens vir die jeuggroepe gebruik. Die **Junior jeuggroepe** (laerskool jongmense) kom direk na die 10:00 diens bymekaar. Hulle gaan met mekaar gesels oor *'Om terug te kyk'* (Gen 45:1-10). Josef gebruik die geleenthede wat die Here hom bied om ander mense te help. Geloof hef nooit verantwoordelikheid op nie. Anton lei die 10:00 diens met die selfde tema. Die **Senior jeuggroepe** kom na die aanddiens (18:00) bymekaar. Hulle gaan met mekaar gesels oor wat die nagmaal vir hulle beteken. Die tema is *'Saam aan tafel'*. Tienie gaan hierdie tema in die aanddiens behandel aan die hand van Lukas 7:36-50 waar Jesus saam met 'n Farrisieër en 'n sondige vrou geeet het. In die jeuggroepe gaan ons nog steeds die Covid-protokolle nakom en elke groepleier sal toesien dat die jongmense 'n veilige afstand handhaaf, maskers dra en hande saniteer. Hier is die lys van lokale wat ons Sondag gaan gebruik: **Juniors:** Gr 1 = Bo-vertrek; Gr 2-3 = Lushof; Gr 4 = Konsistorie; Gr 5 = Kapel; Gr 6 = Personeelkamer en Gr 7 = kom op Maandae 14:00 in die Lushof bymekaar. **Seniors:** Gr 8 = Personeelkamer; Gr 9 = Lushof; Gr 10 = Biblioteek en die Verbintenisgroep = Konsistorie om 17:00.

Die **Kleuterkerk** is weer voluit aan die gang tydens die 10:00 diens. Daar is alreeds so 15 maats wat dit bywoon. Ouers met voorskoolse kleuters is welkom om hulle kleinspan vanaf 09:45 na die Kleuterkerk lokale (in die biblioteek) te bring. Die groepleiers is gerat om tydens die diens die jongspan besig te hou met Bybelverhale en hand-aktiwiteite. Daar is nie meer 'n Kleuterkerkvideo nie maar as daar 'n oulike video oor die tema is, sal ons dit vir die ouers laat weet. Hierdie week gaan ons verder oor die verhaal van Josef gesels.

Is sosiale media 'n dilemma of nie? Bottel- en bordaand 11 November 2020



Dit is duidelik dat sosiale media 'n wonderlike verskynsel is. Danksy al die sosiale media platforms is mense oor groot afstande aan mekaar verbind, is ons meer ingelig, kry ons meer uitgerig. Maar, sosiale media het ook dilemma's voortgebring: verslaafdheid, fopnuus, anti-sosiale gedrag. Is sosiale media nou goed vir ons, of is dit nie goed vir ons nie?

Op **Woensdag 11 November** gaan ons daaroor besin. Ons gaan na 'n gedeelte van die impakkende film ***The Social Dilemma*** kyk en daarna onderleiding van Dr Neil van Heerden van Unisa daaroor saampraat tydens 'n bottel- en bordaand.

Kyk gerus na die film op Netflix. En as jy oor jouself en jou kinders bekommerd is wat dalk verslaaf is aan sosiale media, dan moet jy die geleentheid nie misloop nie!

Meegevoel

Cora Badenhorst van 3de Straat 39, Menlopark is in die week oorlede. Cora was vir lank 'n dosent aan die Onderwyserskollege en het verskeie boeke die lig laat sien. 'n Gedenkdiens word vandag 11:00 vir haar in Stellastraat gehou. En sy was baie lief vir koorsing!

Leon Herbst van Mainstraat 237, Waterkloof, is in die hoogbloei van die covid-19 uitbreking oorlede. Saterdag 10:00 word daar 'n gedenkdiens vir Leon gehou. Leon was 'n pionier op ons Wiltuintoere, die mannegroep wat Maandae bymekaarkom en 'n vriend van baie mense. Leon het ook 'n permanente nalatenskap in die veredeling van Dennebome in die Laeveld.

Erediens besprekings

Kliek gerus op hierdié skakel om vir die eredienste te bespreek: - **https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6** Jy is welkom om die kerkkantoor te skakel indien jy hiermee sukkel.

Verjaarsdae 18 - 24 Oktober

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 18 Oktober:
Wynand du Plessis, Tiaan Gunter, Marguerite Hofmeyer, Hakkie Kotzé, Marié Mcgregor, Rorie Meiring, Francois Pienaar, Anike van Vuuren.

Maandag 19 Oktober:
Dalene Kleingeld, Reinatha Lötter, Ronel Louw, Marcel Stellaard, Nellie Weideman, Mieke Willemse.

Dinsdag 20 Oktober:
Christine Arndt, Elize Böhmer, MC Eksteen, Ronel Engelbrecht, Uli Kunzmann, Helena Landskron, Anneli Prinsloo, Rolene Streutker, Louis Strydom, Thean van Breda, Mia van den Berg, Rita Wessmann.

Woensdag 21 Oktober:
Piet Butler, Adéle Erasmus, Pieter Goosen, Kirstein Jansen van Vuuren, Cobus Kirkpatrick, Walter Kotzé, Janco Nel, Mariki Pienaar, Petra Spies, Cuyler van Jaarsveld, Letitia Wannenburg.

Donderdag 22 Oktober:
Armand Basson, Hein Hamann, Jan Nel, Christiaan Opperman, Mignon Rall, Riana Stone, Francois Swanepoel, Gerrie Swart, Johannes Terreblanché, Melissa van Niekerk.

Vrydag 23 Oktober:
Robert Crowther, Henk Humphries, Louise Jackson, Klasie Jooste, Steff van Wyk.

Saterdag 24 Oktober:
Jano Cilliers, Almi Lamey, Liam Lourens, Pieter Meiring, Reinette Mitchell, Hildegarde Roberts, Ilse Stellaard, Sarie van den Heever.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za